

# SONDAGSKOOL LES: Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Ou Testament – Die Gedigte

**Doel van les:**

- Ons kyk vandag kortliks na die *Gedigte* afdeling in die Ou Testament net om bietjie beter te verstaan waaroor dit gaan.

**Ysbreker: Boek ordes:** Gee vir elke groep 'n Ou Testament en Nuwe Testament kaart. Vandag kry die groepe nog vyf boeke in die Ou Testament en vyf boeke in die Nuwe Testament by. Hulle moet nou die boeke onder die twee kaarte rangskik in die regte orde. Ons gaan elke week die speletjie doen en boeke byvoeg totdat hulle al die boeke in die Bybel gekry het om te rangskik. (Indien jy sien dat die kinders sukkel of die boeke maklik onder die knie kry, kan jy of vir twee weke stilstaan by dieselfde aantal boeke, of meer boeke byvoeg wat hulle moet rangskik. Pas die speletjie aan volgens jou groep.)

Verlede week het ons stilgestaan by die *Geskiedenis* boeke. Vandag gaan ons kortliks na die *Gedigte* kyk.

Die derde afdeling in die Ou Testament is die *gedigte*.

Daar is 5 boeke in die *Gedigte* afdeling. *Job*, *Psalms*, *Spreuke van Salomo*, *Prediker* en *Hooglied van Salomo*. Hierdie boeke bevat wyse woorde, metafore, liedjies en gedigte.

**Groepwerk:** Gee vir elke groep die uitdeelstukke oor die *Gedigte* boeke. Gee kans dat hulle die uitdeelstukke voltooi.

- *Job* uitdeelstuk;
- *Psalm 23* uitdeelstuk;
- *Spreuke* uitdeelstukke;
- *Prediker* uitdeelstuk
- *Hooglied* uitdeelstuk

Kry terugvoering van die groepe nadat als voltooi is.

Sluit af met gebed in groepe.


# Job

Lees Job 1:1 (1983 vertaling) en vul die ontbrekende woorde in.

In die land \_\_\_\_\_ was daar 'n man met die naam \_\_\_\_\_. Hy was \_\_\_\_\_ en \_\_\_\_\_ en het God gedien en die kwaad vermy.

Job het baie teëspoed gehad, maar God het sy einde meer geseënd gemaak as sy begin. Kom ons kyk wat Job verloor het en hoe God vir Job herstel het. Lees Job 1:2-3 om die Getal aan die begin te kry en Job 42:12-13 om die getal nadat God Job seën te kry. Vul dit in die regte blokkies in.

Getal aan die begin Job 1:2-3	Job het	Job verloor dit deur	Getal nadat God seën Job 42:12-13
	Seuns en dogters	Groot wind	
	Skape	Vuur uit die hemel	
	Kamele	Chaldeërs	
	Beeste	Sabeërs	
	Eselinne	Sabeërs	



Psalm 23 is 'n baie bekende Psalm van Dawid. Wat is die opskrif wat staan by hierdie Psalm? Net soos 'n herder na sy skape kyk en hulle van kos en water voorsien, so sorg God vir ons.

# Hooglied

Hooglied is onder andere 'n liefdesverhaal tussen 'n man en vrou. In Hooglied 4 word die vrou se voorkoms beskryf. Teken as groep 'n weergawe van die vrou nadat julle die beskrywing gelees het.

1. "Jy is mooi, my liefling, jy is mooi, jou oë is duiwe agter jou sluier. Jou hare is soos 'n trop bokke wat teen die Gileadberge afkom.
2. Jou tande is so wit soos 'n ry pasgeskeerde skape wat nou net skoon gewas is, elkeen met 'n tweeling, nie een sonder 'n lam nie.
3. Jou lippe is soos skarlakenrooi lint, jou mond bekoor my. Die versiersels op jou voorkop is soos granaatpitte agter jou sluier.
4. Dié aan jou nek is soos die Dawidstoring wat uit rye klip gebou is; aan hom hang duisend skilde, al die skilde van die helde

## Job uitdeelstuk antwoorde

Lees Job 1:1 en vul die ontbrekende woorde in.

In die land **Us** was daar 'n man met die naam **Job**. Hy was **vroom** en **opreg** en het God gedien en die kwaad vermy.

<i>Getal aan die begin Job 1:2-3</i>	<i>Job het</i>	<i>Job verloor dit deur</i>	<i>Getal nadat God seën Job 42:12-13</i>
7 seuns en 3 dogters	Seuns en dogters	Groot wind	7 seuns en 3 dogters
7 000	Skape	Vuur uit die hemel	14 000
3 000	Kamele	Chaldeërs	6 000
500	Beeste	Sabeërs	1 000
500	Eselinne	Sabeërs	1 000

**Psalm 23 antwoord - Die Here is my herder**

BOEKE VAN DIE BYBEL SPELETJIE:

# OU TESTAMENT

# NUWE TESTAMENT

Genesis

Levitikus

Deuteronomium

Rigters

1 Samuel

1 Konings

1 Kronieke

Esra

Eksodus

Numeri

Josua

Rut

2 Samuel

2 Konings

2 Kronieke

Matteus

Markus

Lukas

Johannes

Handelinge

Romeine

1 Korintiërs

2 Korintiërs

Galasiërs

Efesiërs

Filippense

Kolessense

1 Tessalonisense

2 Tessalonisense

1 Timoteus